

Tema: Kom ervaar hoe goed die Here is

Skrifvoorlesing: 1 Sam 21:1-3 en 10-15; Psalm 34.

Teks: Psalm 34: 8-10

“Die Engel van die Here trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit. Smaak en sien dat die Here goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil! Vrees die Here, o heiliges, want die wat Hom vrees het geen gebrek nie.” (’53-vertaling)

Volgens die nota by hierdie psalm het Dawid dit geskryf toe dit sleg gegaan het met hom. Die verhaal self word in 1 Samuel 21-22 vertel: Hoe hy moes vlug vir Saul; ‘n leuen vertel het aan die priester, net om ‘n paar broodjies vir die pad te kry; en uiteindelik by die Filistyne se koning gemaak het of hy mal is om sy lewe te red.

Tot hiertoe (1 Samuel 16-20) het Dawid se lewe soos ‘n mooi sprokie geklink. As jong skaapwagttertjie word hy bo sy ouer broers uitgekies om koning te word; as jong seun verslaan hy die reus Goliat met ‘n slingervel en klippie. Hy word summier deur koning Saul aangestel in ‘n hoë pos in sy leër en uiteindelik word hy die koning se skoonseun.

Die volk het hom toegejuig, maar nou moet hy vlug vir sy lewe. Hy was ‘n gesiene man, maar nou moet hy soos ‘n misdadiger in grotte wegkruip.

Maar wat doen Dawid? Hy spog nie met die slim plannetjies om weg te kom nie. Inteendeel:

Hy nooi ons om saam met hom die Here te loof (v 2-4)

Dis die bewys dat die Gees van God by Dawid inwoon. Menslik gesproke het hy genoeg rede om te kla en te spog, maar sy beleving van die goedheid van die Here is so sterk dat hy Hom nie net loof en prys nie, maar ook nog ander nooi om dit saam met hom te doen.

Hy gee sy redes hoekom hy dit doen (v 5-7)

Dis sy swaarkry wat hom na die Here laat roep het. Hy noem homself “hierdie ellendige”. Al is hy al reeds gesalf om eendag koning te word, is hy nou soos ‘n vreemdeling in sy eie land. Die Here is sy enigste toevlug.

Hy nooi ons om saam met hom die goedheid van die here te beleef (v 8-11)

Hier is Dawid vir ons ‘n voorbeeld van iemand wat evangeliseer:

- Getuig oor God se goedheid en beskerming
- Moenie net uitgaan nie, nooi ook na binne
- Nie net as die goed gaan nie, maar ook in swaar tye

Hy onderrig die genooies (v 12-15)

Ons getuienis kan mense laat belang stel, selfs laat glo in die Here, maar dis nie genoeg nie. Hulle het ook onderrig nodig. Die genooies moet geleer word hoe om die Here “in gees en in waarheid” te dien.

Hy verseker ons van die getrouheid van God (v 16 – 21)

Hy het ondervind dat gelowiges altyd kan reken op die Here “al word (ons) ook deur hoeveel rampe getref.” Ons moet net die Here se hulp reg sien – Hy neem dikwels nie die swaarkry of siekte weg nie, maar staan ons wel by daarin.

Hy motiveer ons om die Here te dien (v 22,23)

Die goddelose bewerk sy eie ondergang, die Here verlos “die siel” van sy knegte.

Toerusting

- Dawid het sy getuienis oor die Here op skrif gestel
- By klasse oor evangelisering moet ons dit ook doen
- Het u dit al probeer?
- Watter riglyne kan ons uit hierdie psalm haal?
- Oorweeg elkeen van die hoofpunte hierbo as riglyn vir ‘n volledige getuienis.